SUURDEEG PLANTJIE: VOOR JY WEGSPRING, LEES EERS

SUURDEEG PLANTJIE: VOOR JY WEGSPRING, LEES EERS

Suurdeeg Plantjie

Of dit nou die borrelende lewende plantjie, krakerige korsie, geurvolle sagte binne brood of die beste roostebrood in die wereld is wat jou trek na suurdeeg brood, maak nie saak nie, begin net vandag, Dit is n kuns wat almal kan bemeester, in jou eie kombuis met jou eie lewende plantjie. Maak jou reg vir komplimente, want as jy eers die kuns bemeester het, gaan jy self nie glo dat jy so n brood kon bak nie.

Bestandele vir jou plantjie

Vir jou plantjie

• 100ml rog meel of vol graan meel (daar is meer wilde gis in hierdie meel as gewone meel, maar jy kan gewone meel ook gebruik)

• 100ml gebottelde water (al die chemikaliee in die drink water kan die gis en goeie bakteriee in jou plantjie dood maak)

• 4 rosyntjies (tel hulle, want jy moet hulle more uit haal)

• ‘n Houer vir jou nuwe baba (ek hou van ‘n goeie 1Lt Canfruit bottel omrede ek die glas of metal plaatjie van die deksel kan uithaal en ‘n stuk digte lap met die ring/skroef gedeelte van

die deksel oor die bottel kan vas skroef – sien foto bo, maar enige glas, porselein of kos graad plastiek sal werk)
Om jou plantjie te voer
Daagliks:
• 200ml koekmeel
• 100ml gebottelde water

Geplaas deur Albert Buitenhuis